

EKKLESIA

dieper verstaan – meer liefhê – beter dien

Ekumeniese Sentrum vir Leierskapsontwikkeling en Gemeentestudies

Wie is Ekklesia?

Ekklesia is 'n ekumeniese sentrum, verbonde aan die Fakulteit Teologie, wat fokus op leierskapsontwikkeling en dienslewering aan die kerke. Ekklesia beteken “kerk” of “gemeente” en bestaan uit 'n netwerk van 16 denominasies.

Dit is 'n diensruimte waar die fakulteit, kerke en ander rolspelers mekaar help, en sáám gemeentes en die gemeenskap bedien.

Wat bied Ekklesia?

Voortgesette Teologiese Onderrig en Bedieningsvorming

Ekklesia bied jaarliks 'n verskeidenheid kursusse aan oor belangrike teologiese temas, oor die beter verstaan van gemeentes asook oor die vorming van bedieningsvaardighede. Daar word ook gefokus op die predikant se roeping en spiritualiteit.

Dr Coenie Burger
Tel: +27 21 808 3624
E-pos: cwbu@sun.ac.za

Dr Bruce Theron
Tel: +27 21 808 2827
E-pos: brucetheron@sun.ac.za

Navorsing oor Gemeentes

Ekklesia doen navorsing oor die beter verstaan en funksionering van gemeentes.

Dit sluit in dienste soos die SA Vennootskap vir Gestuurde gemeentes, 'n jaarlikse navorsingskonferensie, verskeie gemeentelike programme asook heelwat publikasies.

MTh in Praktiese Teologie en Nagraadse Diploma (Met fokus op Geestelike Vorming en Missionale Leierskap en Spiritualiteit)

Ekklesia bied in samewerking met die Departement Praktiese Teologie 'n MTh-graad sowel as 'n nagraadse diploma aan met 'n sterk fokus op kritiese leierskap of missionale spiritualiteit in gemeentes. Die fasiliteerders in hierdie kursusse is almal leidende akademië en praktisyns in hul onderskeie velde. Ten einde die MTh te voltooi, sal die studente 6 modules oor twee jaar, sowel as 'n uitgebreide skripsie

moet voltooi. Temas soos missionale teologie, leierskap (in samewerking met die Bestuurskool van Universiteit Stellenbosch), Christelike spiritualiteit en die bou van Koninkryksgemeenskappe, word gedek.

Voltooiing van die Nagraadse Diploma verleen toegang tot die MTh-program vir persone wat nie voldoende vorige teologiese opleiding het nie.

Dr Dion Forster
Tel: +27 21 808 2827
E-pos: dion@sunac.org.za

Dr Frederick Marais
Tel: +27 21 808 3265
E-pos: jfm@sun.ac.za

Prof Ian Nell
Tel: +27 21 808 9094
E-pos: ianell@sun.ac.za

Leesroosterprojek

Dié omvangrykste projek van Ekklesia is die leesroosterprojek waarin daar jaarliks verskeie publikasies voorberei word - in Afrikaans en Engels - om leraars en gemeentes te help met hul weeklikse erediensvoorbereiding. Die projek volg die internasionale teksrooster van die RCL wat baie wyd gebruik word en bied materiaal aan wat in die prediking en die erediens gebruik kan word.

Dr Bruce Theron
Tel: +27 21 808 2827
E-pos: brucetheron@sun.ac.za

Kerkplanting: “Fresh Expressions” Suid-Afrika

Ekklesia huisves 'n innoverende program oor kerkplanting in vennootskap met die Fresh Expressions-beweging van die Verenigde Koninkryk. Die kursus bestaan uit 24 modules wat deelyds aangebied word oor 'n tydperk van 9 maande. Die doel van die kursus is om predikante en kerkleiers te versterk en toe te rus om kreatief en nuut te dink oor hoe om die kerk in die wêreld te vestig en te ontwikkel – dit sluit opleiding oor kerkplanting in. Die onderwerpe wat gedek word is:

- die missie van God
- dissipelskap
- evangelisasie
- die ontwikkeling van geloofsgemeenskappe
- missionale waardes
- missionale kleingroepe en
- missionale leierskap.

Hierdie kursus word in vennootskap met Ekklesia in 'n aantal van die groot stede in Suid-Afrika aangebied.

Ds Philip Botha
Sel: +27 82 823 2272
E-pos: philipb@sun.ac.za

Eenheid vir Morele Leierskap

Die eenheid vir Morele Leierskap is 'n gesamentlike aktiwiteit van Ekklesia en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie. Hierdie program fokus op morele vorming in gemeentes en in die gemeenskap en beklemtoon veral die rol van leierskap. Daar word navorsing gedoen op die volgende gebiede:

- **Geweld en misdaad:** geestelike (en sekulêre) materiaal rakende die rehabilitasie van gevangenes is beskikbaar.
- **Onderwys:** skryfkompetisies vir leerders (oor waardes en verwante sake) asook karakterontwikkelings-programme vir leerders, onderwysers en ouers word aangebied.
- **Families:** materiaal (ook DVD) wat leiding bied aan jong ouers rakende die vestiging van waardes in hul kinders se lewe kan by ons verkry word.
- **Plaasgemeenskappe:** kontak ons oor 'n program wat plaaswerkers holisties help ontwikkel.
- **Plaaslike regering:** gesprekke word gevoer en daar word gehelp met die implementering van voorstelle oor hoe om munisipaliteite te transformeer met die oog op effektiewer bestuur, etiese leierskap en die ontwikkeling van menslike kapitaal.

Dr Chris Jones
Tel: +27 21 808 9224
E-pos: chrisjones@sun.ac.za

Boekesentrum

In samewerking met Communitas word 'n verskeidenheid navorsings en populêre titels beskikbaar gestel teen mededingende pryse.

Deelnemende Kerke

- AME
- Anglikaanse Kerk
- Metodiste Kerk
- Morawiese Kerk
- Nederduits Gereformeerde Kerk
- Rynse Kerk
- United Presbyterian Church in SA
- Volkskerk in Afrika
- Vineyard Church
- Great Commission
- Calvyn Protestantse Kerk
- Apostoliese Geloofsending
- Verenigende Gereformeerde Kerk
- Christelike Gereformeerde Kerk in SA
- United Congregational Church in SA
- Katolieke Kerk

Dr Coenie Burger
Tel: +27 21 808 3624
E-pos: cwbu@sun.ac.za

Dr Bruce Theron
Tel: +27 21 808 2827
E-pos: brucetheron@sun.ac.za

Dr Dion Forster
Tel: +27 21 808 2827
E-pos: dion@sun.ac.za

Kantoor:
Me Chrisna van der Merwe
Tel: +27 21 808 4269
E-pos: cmer@sun.ac.za